Billike handel

Die begrip **billike handel** (“fair trade”) beteken dat produsente wêreldwyd hul **goedere** teen ’n regverdige prys kan verkoop. Maar dit was nie altyd die geval nie.

Om billike handel in alle lande te bewerkstellig, is ’n wêreldwye beweging, The World Fair Trade Organization (WFTO) gestig met die uitsluitlike doel om boere en vervaardigers te help wat in lande bly wat nie ekonomies ontwikkeld is nie. Hierdie lande (wat nie so ryk is soos, byvoorbeeld, die Verenigde State van Amerika nie), noem ons ontwikkelende lande. [1]

Hoekom is die Fairtrade-organisasie begin?

Boere en werkers in lande wat ekonomies minder ontwikkeld is as die ryker lande, word dikwels minder vir hul goedere en oeste betaal. Dit kan daartoe lei dat hierdie mense in armoede bly, ondanks al die goedere wat hulle verkoop.

Om dié rede is die Fairtrade-organisasie in die jare sestig gestig deur mense wat ’n verskil in hierdie lande wou maak. Die mense wat by hierdie organisasie betrokke is, maak seker dat die boere, wat goedere aan groot maatskappye verkoop, hul goedere teen ’n goeie prys kan verkoop.

Daar is nog redes waarom die Fairtrade-beweging begin is. Daar word beraam dat daar wêreldwyd meer as 50 miljoen mense in moderne slawerny vasgevang is. Dit sluit tien miljoen kinders in.

Fairtrade werk hard daaraan om die volgende te bewerkstellig:

1. Boere word ’n minimum prys vir hul produkte gewaarborg – ‘n noodsaaklike veiligheidsnet wanneer markpryse daal.
2. Die Fairtrade Premium is ‘n ekstra bedrag geld wat bo-op die verkoopprys

betaal word om in sake- of gemeenskapsprojekte van hul keuse te belê.
3. Werktoestande van werkers en hul gesinne word verbeter met ’n verbod op diskriminasie, dwangarbeid (slawerny) en kinderarbeid.
4. Dit verbeter die verhoudings tussen die produsent en vervaardiger.
5. Boere het toegang tot krediet voor die oeste gelewer word. [2]

Die Fairtrade-premie

Die Fairtrade-premie is ‘n ekstra bedrag geld wat bo-op die verkoopprys betaal word wat boere of werkers in projekte van hul keuse belê. Hulle besluit saam hoe om die Fairtrade-premie te bestee om hul doelwitte te bereik, soos om hul boerdery, besighede of die gesondheid en onderwys in hul gemeenskap te verbeter. [3]

Die boere en produsente kom op hul beurt die Fairtrade-**standaarde** na. Hierdie vereistes sluit omgewingsgesonde landboupraktyke in, soos die minimale en veilige gebruik van landbouchemikalieë, behoorlike en veilige bestuur van afval, instandhouding van grondvrugbaarheid en waterbronne, en geen gebruik van **geneties gemodifiseerde organismes** (GGO’s). [4]

Koöperasies

Die boere en werkers word ook gelei om groepe te vorm. Hierdie groepe word koöperasies genoem en deur saam te werk, kan die koöperasies beter pryse vir hul goedere **beding**. [1]

‘n Belangrike aspek van koöperasies is die nakoming van ‘n stel gemeenskaplike waardes, naamlik selfhelp, selfverantwoordelikheid, selfbeskikking, demokrasie, gelykheid, billikheid en solidariteit. [5]

Die Fairtrade-handelsmerk

Soms kos produkte met die Fairtrade-handelsmerk ’n bietjie duurder, maar mense oor die wêreld koop dit, want hulle is bereid om ’n bietjie ekstra te betaal om die Fairtrade-organisasie te ondersteun. Hulle weet dan dat hulle betaal vir iets wat ’n verskil in ’n gemeenskap maak en terselfdertyd die omgewing bevoordeel. [1]

Goedere wat **vervaardig** en verkoop word, kry dus ’n Fairtrade-handelsmerk sodat almal kan weet dat daar **eties** handel gedryf word en dat gemeenskappe daarby baat vind. [1]

Produkte wat die Fairtrade-handelsmerk het, moet aan allerlei regulasies voldoen. Fairtrade het standaarde en hulle doen ook jaarliks **oudits** (amper soos inspeksie) om seker te maak dat die produkte daaraan voldoen.

Die simbole op die handelsmerk beteken die volgende:

	• ’n Arm wat omhoog gehou word, dui op die boere en vervaardigers se optimisme; • Die blou lug verteenwoordig **potensiaal**; en • Die groen dui op groei.

Talle produkte wat in ons trollies beland, het hierdie handelsmerk. Dit sluit produkte soos koffie, tee, suiker, wyn, piesangs en katoenklere in. Vandag is daar duisende maatskappye wat handeldryf met boere en vervaardigers wat Fairtrade-sertifisering het.

Die voordele van billike handel

- Billike handel en beter pryse lei tot beter werk- en woonomstandighede vir die boere en hul werkers.
- As die boere en hul werkers billik betaal word, help dit hulle om uit armoede te ontsnap.
- Die premies wat die boere kry, finansier projekte wat die hele gemeenskap se lewensomstandighede kan verbeter. Baie skole en klinieke is byvoorbeeld met behulp van hierdie premies gebou.

- Danksy Fairtrade word volhoubare landbou en vervaardiging ondersteun en hierdeur word die omgewing bevoordeel.
- Fairtrade help ook talle vroue om gemeenskapsleiers en entrepreneurs te word. [6]

Die topsewe-produkte

Volgens Fair Trade International is die volgende produkte (onder hul vaandel) dié waarmee die meeste handel gedryf word:

- Blomme;
- Koffie;
- Kakao;
- Katoen;
- Piesangs;
- Suiker; en
- Tee. [7]

Navorsing oor sekere produkte

Koffie

Koffie is baie gewild en om verskeie redes is die koffieprys baie wisselvallig. Dit beteken die prys styg of val gedurig, en Fairtrade probeer om aan boere in hierdie onvoorspelbare mark stabiliteit (bestendigheid) te bied deur ’n minimum prys vas te maak. Dit beskerm hulle as die prys onverwags val.

Koffieboere kry ook ’n Fairtrade-premium wat hulle in gemeenskapsprojekte van hul keuse kan belê. Op die oomblik is meer as 800 000 koffieboere deel van dié organisasie. [8]

Piesangs

Piesangs word op klein plase en groot plantasies gekweek. Dit is ’n bedryf vol uitdagings, want daar steek baie arbeid in en klimaatsveranderinge en plantsiektes is ’n bedreiging vir die oeste. Groot maatskappye het ook ’n groot invloed op dié sektor. Kleinhandelaars verkoop ook dikwels piesangs teen ’n té groot korting met die gevolg dat piesangprodusente finansieel daaronder ly.

Fairtrade het ’n minimum prys bewillig wat die boere help, al wissel die prys. Hierdie pryse word gereeld hersien om seker te maak dat dit billik bly. Hier is ook ’n premie betrokke wat hulle help om huise, skole en klinieke mee te bou. Die Fairtrade-standaarde is só ontwerp om die werkers van groot plantasies se regte te beskerm en ’n minimum loon verseker.

Daar was teen 2021 ongeveer 10 223 Fairtrade-piesangboere. [9]

Katoen

Ongeveer 90% van die wêreld se katoenboere bly in ontwikkelende lande. Met groot **subsidies** deur die groot katoenspelers, word die koste van katoen laag gehou, maar dit plaas weer druk op kleinboere in lande waar regerings nie geld vir subsidies het nie.

Subsidies is geld waarmee regerings hul mense help. Fairtrade help hierdie boere finansieel en ook om volhoubaar te boer en die omgewing te beskerm. Boere word, byvoorbeeld, gevra om die gebruik van landbouchemikalieë te stop of te verminder. [10]

Teen 2021 was daar meer as 40 000 katoenboere onder die Fairtrade-vaandel.

Woordbank

beding	Dit is wanneer jy met iemand onderhandel om iets te kry.

eties	Eties hou verband met wat reg en verkeerd is en wat van die korrekte optrede getuig. [15]
etiket	’n Stuk papier wat aan iets geheg is en wys wat die prys, inhoud of samestelling daarvan is.
geneties gemodifiseerde organismes	Dit is wanneer ‘n dier, plant of **mikrobe** se DNA met behulp van genetiese ingenieurstegnieke verander is. [16]
goedere	Goed wat vervaardig word om verkoop te word.
handel	Die koop en verkoop van goedere en dienste.
mikrobe	’n Eensellige organisme alleen sigbaar onder die mikroskoop of vergrootglas.
oudits	Die proses waardeur ’n maatskappy se finansiële state amptelik ondersoek word.
potensiaal	Die vermoë om iets te doen of ’n sekere prestasie te lewer.
simbole	’n Prentjie, teken, merk of voorwerp wat ’n spesiale betekenis het.
slawerny/dwangarbeid	As mense gedwing word om vir iemand te werk.
standaarde	Die vlak wat as aanvaarbaar beskou word.
subsidies	Geldelike steun van ’n regering of organisasie aan ’n individu, projek of onderneming.
vervaardig	In groot hoeveelhede maak. [2]

Lees dié artikels om nog meer te leer

- **Wat is billike handel?**
- **Meer oor die Fairtrade-organisasie**
- **Hoekom is billike handel nodig?**
- **Inligting oor die organisasie**
- **Fairtrade in Afrika**

Kyk na hierdie video’s om nog meer te leer

Wat is regverdige handel?

Geskiedenis van regverdige handel

Die verhaal van regverdige handel